Dag 11: Aan die volk wat in duisternis ronddwaal, het ‘n groot Lig verskyn

In 'n vroeër tyd het Hy vernedering gebring
vir Sebulon en Naftali se land
In die toekoms eer, en hul sal Hom besing
aan die Jordaan se ander kant. (Jes 8:23)

Die volk wat in duisternis ronddwaal,
aan hulle het ‘n groot lig verskyn;
Hulle bly in stikdonkerte (as volk gefaal) –
oor hulle het 'n lig geskyn. (Jes 9:1)

U het hulle vreugde groot gemaak.
Hulle ervaar vreugde oor U taak,
soos die vreugde van die oestyd se meel,
soos dié wat juig wanneer hulle buit verdeel. (Jes 9:2)

Want U verlig die las van hulle juk
en het die hout oor hulle skouers afgeruk,
die stok van hulle slawedrywer, met U krag,
verpletter soos op Midian in Gideon se dag. (Jes 9:3)

Ja, vir elke stewel wat stamp,
en al die klere vol bloed in die kamp,
is bestem vir daardie uur,
waar hulle kos word vir die vuur. (Jes 9:4)

Want 'n Kind is vir ons gebore,
'n Seun is gegee, vir die verlore.
Die volle heerskappy
sal jy op sy skouer kry.

Aan Hom al die roem,
want Hy word genoem:
Wonderbaar in rede,
God, die magtige,
Vader, die ewige,
die Prins van vrede. (Jes 9:5)

Vir die uitbreiding van heerskappy
en vir vrede wat nie einde kry,
sal Hy wees op Dawid se troon
oor alles wat in Sy koninkryk woon,

om dit te vestig en te ondersteun
deur reg en geregtigheid,
van nou af en vir altyd.
Dit alles is deur Sy ywer verleen. (Jes 9:6)